# ALGEMENE SLANGE VAN JHB/PRETORIA

Johannesburg en Pretoria het 'n groot verskeidenheid slange waarvan die meeste nie as gevaarlik beskou word nie. Twee spesies kan pynlike byte toedien, terwyl vyf spesies as baie gevaarlik beskou word.

- **BAIE GEVAARLIK** – Is verantwoordelik vir menslike sterftes
- **GEVAARLIK** – Pynlike byt, maar teengif nie noodsaaklik
- **MATIG GIFTIG** – Word nie as skadelik beskou
- **ONSKADELIK** – Hou geen gevaar in vir mense


BAIE GEVAARLIK
**Rinkhals**
(*Hemachatus haemachatus*)


BAIE GEVAARLIK
**Wipneuskobra** - met bande
(*Naja annulifera*)


BAIE GEVAARLIK
**Mosambiekse spoegkobra**
(*Naja mossambica*) Foto Martin Smit


BAIE GEVAARLIK
**Pofadder**
(*Bitis arietans arietans*)


GEVAARLIK
**Bibron se sypikslang**
(*Atractaspis bibronii*) Foto Warren Dick


GEVAARLIK
**Nagadder**
(*Causus rhombeatus*)


MATIG GIFTIG
**Rooilipslang** of **Heraldslang**
(*Crotaphopeltis hotamboeia*)


ONSKADELIK
**Bibron se blindeslang**
(*Afrotyphlops bibronii*)


MATIG GIFTIG
**Kortsnoetgrasslang**
(*Psammophis brevirostris*)


MATIG GIFTIG
**Gevlekte skaapsteker**
(*Psammophylax rhombeatus*)


ONSKADELIK
**Gewone eiervreter**
(*Dasypeltis scabra*)


ONSKADELIK
**Bruinwaterslang**
(*Lycodonomorphus rufulus*) Foto Tyrone Ping


ONSKADELIK
**Bruinhuisslang**
(*Boaedon capensis*)


ONSKADELIK
**Auroraslang**
(*Lamprophis aurora*)


MATIG GIFTIG
**Swartkop-honderdpootvreter**
(*Aparallactus capensis*)


KAN 'N SLEGTE BYT TOEDIEN
**Molslang**
(*Pseudaspis cana*)

© Johan Marais African Snakebite Institute

**JOHAN MARAIS** is die outeur van verskeie boeke oor reptiele, insluitende die blitsverkoper *'n Volledige Gids tot die Slange van Suider-Afrika*. Hy is 'n gewilde spreker en bied verskeie kursusse oor **slang-bewustheid**, **skerpioenbewustheid** en **giftige slang-hantering** aan. Johan is geakkrediteer deur die International Society of Zoological Sciences (ISZS) en is 'n Field Guides Association of Southern Africa (FGASA) en Travel Doctor-goedgekeurde diensverskaffer. Sy kursusse is ook geakkrediteer deur die Health Professions Council of South Africa (HPCSA).





Johan Marais | African Snakebite Institute
+27 82 494 2039 | johan@asiorg.co.za
www.AFRICANSNAKEBITEINSTITUTE.com


## NOODMAATREËLS

### IN GEVAL VAN 'N SLANGBYT

1. Hou die persoon kalm, beperk beweging en vervoer pasiënt **sonder uitstel** na 'n hospitaal.
2. Indien die persoon ophou asemhaal, pas mond-tot-mond asemhaling toe of maak gebruik van 'n ambusakkie (BVM).
3. Skakel die Gifinligtingsentrum by 0861 555 777 vir verdere advies.

### MOET NIE

... 'n toerniket aanwend nie.
... sny of die gif probeer uitsuig nie.
... ys of warm water probeer nie.
... alkohol verskaf nie.
... elektriese skok toedien nie.
... teengif binnespiers inspuit nie.

**Teengif (*indien nodig*) moet deur 'n mediese dokter in 'n hospitaal toegedien word.**